K 73-69 4?6

DIE BURGER, DONDERDAG, 29 MEI 1969

### In die Picasso-Kunssaal

# KLEURLING-KUNSTENAARS WYS HUL WERK

'N TENTOONSTELLING van werke van 'n groep Kleurling-kunstenaars vind tans onder beskerming van die Departement van Kleurlingsake in die Picasso-kunssaal in Bellville plaas. Die tentoonstelling is verteenwoordigend van die werk van 'n aantal bekende kunstenaars, soos by. Amos Langdown, van wie slegs 'n maand gelede in die Kunstenaarsaal in Adderleystraat 'n uitstalling te sien was.

Peter Clarke is nog een van die kunstenaars wat hier verteenwoordig word; van hom vind ek die bekende werke sos nrs. 59 en 62 nog steeds die beste in sy reeks hoofsaaklik illustratiewe werk. Verder is daar ook die houtbeelde van Frank Brown.

Opleiding aan die Michaelis-kunsskool het sterk neerslag gevind in die werk van Gavin Jantjies: sy stukke vertoon heelwat grafiese kwaliteite, terwyl dié van Abdulah Amien, wat eweneens aan hierdie kunsskool gestudeer het, 'n veel sterker kommersiële neiging toon.

Die skilderye van Conrad Theys spreek van tegniese kundigheid, maar in sy straatbeelde van Distrik Ses staan hy te duidelik onder die invloed van Gregoire Boonzaier.o Hekkie Moos behandel gevoelige en menslike temas in sy etse en linosneë, terwyl Randolph Hartzenberg meer problematiese gegewens tot onderwerp neem. In die geval van Chris de Klerk is dit moeilik om 'n oordeel te vel, aangesien daar van hom slegs twee werke gewys word.

Kenneth Baker het hom verdiep in kleurkomposisies wat soms in wilde ekspressionisme tot uiting kom.


Twee jong bydaers is Marc Combrinck, wat sewe jaar oud is en Malcolm Campbell, wat nou dertien is, maar die meeste van die tentoongestelde werke voltooi het toe hy twaalf was. Marc Combrinck besit nog die sjarme van die natuurlike, eie ekspressie van sy ouderdomsgroep. Dit sal nog deur vele fases ontwikkel. Op die huidige tydstip laat hy vlotte, grappig perspektiwlese tekeninge sien. Malcolm Campbell weer toon die beginsels van 'n meer bestudeerde tekening en bereik soms aantreklike resultate daarmee.

Ten slotte is daar nog die twee beeldhouers, Harold Julius en Christian Julius, wat albei in hout werk, die een in dun abstrakte vorme, en die ander in swaarder, gedetailleerde figure.

Dit was 'n gesonde idee om 'n tentoonstelling van hierdie aard te reël. Want dit is een manier waarop die standaard van die kunstenaars verhoog kan word, en hulle die aanmoediging sal kry wat moontlik tot erkenning kan lei.

Die tentoonstelling duur nog tot môre.

E. MISMAN.



KUNSDOKUMENTASIESENTRUM
ART DOCUMENTATION CENTRE
25-6-1975

*WIT MOSKEE, van Conrad Theys, een van die werke wat nou op die tentoonstelling deur Kleur[...] stenaars in die Picasso-kunssaal in Bellville te sien is. In die bespreking daarvan hiernaas word ge[...] die invloed van Gregoire Boonzaier op Theys se straatbeelde.*

JUC-0001-0002-001